30 Maart 2020

**COVID 19-Leerderhulp**

Beste Ouers en Leerders

In die komende weke is daar baie onsekerhede wat voorlê en die skool wens elke leerder, ouer, die gemeenskap en die land net die beste toe. Een van die onsekerhede is of die skole op 16 April weer sal heropen. Daarmee saam veral onsekerheid vir die graad 12's wat moet voorberei vir hul matriekeksamen aan die einde van die jaar.

Daar sal verseker ekstra maatreëls ingestel word in die vorm van verlengde skooldae en verkorte vakansie in Junie en September 2020. Die personeel van Hoërskool Lydenburg het baie moeite gedoen om te sorg dat leerders nie agter raak met hul akademie nie.

Daarom stuur ons met vrymoedigheid vanaf 31 Maart hulp-programme, wat leerders nougeset moet volg gedurende hierdie tyd wat voorlê. Ek vertrou dat elkeen die nodige dissipline aan die dag sal lê om die opdragte wat deurgegee is, te voltooi. Dit sal wees deur middel van Whatsapp-groepe, d6 (laai asb af), Facebook en op ons webblad (www.lydenburghs.co.za). Wanneer die skool dan ook al begin, kan ons weer met selfvertoue die nuwe kwartaal aanpak.

In my dagboek staan 'In ons bereidwilligheid om in die onbekende in te stap, gee ons ons oor aan die gebied van alle moontlikhede wat die dans van die heelal orkestreer.' Mag dit ook vir elkeen 'n bron van inspirasie wees.

Lydenburg-groete

*C Aucamp*

Me. C Aucamp
Acting Principal

Kerkstraat
Posbus 28
Lydenburg
1120

Tel: (013) 235 2111 / (013) 235 2112 / (013) 235 1090
e-pos: chrismari@lydenburghs.co.za
www.lydenburghs.co.za